



# GRANDE ROCHE HOTEL

## IKONIESE GRANDE ROCHE KRY NUWE BAADJIE ONDER NUWE EIENAARS



Paarl se ikoniese GRANDE ROCHE HOTEL is terug in Suid-Afrikaanse hande, nadat dit vir drie dekades in oorsese besit was. Die historiese vyfster-eiendom aan die voet van die bekende Paarlberg, gaan 'n volkome transformasie ondergaan om weer een van die Kaap se voorste bestemmings te word.

Die entrepreneurs Hansie en Theresa Britz, albei gebore en getoë in die Paarl, het die eiendom gekoop en deel 'n lewenslange geskiedenis met die Grande Roche - soos elke deurwinterde Paarllet.

Die hotel is bekend vir sy ouwêreldse elegansie en idilliese ligging, wat oor die berge en wingerde van die manjifieke Paarlvallei uitkyk. Die Grande Roche se geskiedenis dateer terug na die vroeë 1700's. Die geboue - in die Kaapse volkskundige boustyl - is 'n nasionale gedenkwaardigheid. Die 23 hektaar eiendom aan die voet van die majestueuse Paarlberg, behou sy plaasgevoel en bestaan nie net uit die hotel nie, maar wingerde ook.

Die eerste fase van die opknapping begin in Junie, wanneer die hotel vir 'n maand gesluit sal wees. Behalwe die instandhoudingswerk, sal verskeie kamers opgeknop word en 'n nuwe restaurant en kroeg word ook gebou. Die dekor sal deur die bekende Kaapse binnenshuise versierder, Francois du Plessis, onderneem word.

Die gerekende TV glanssjef, Pete Goffe-Wood, sluit by die span aan met volle verantwoordelikheid vir spys en drank vir al die hotel-bedrywighede, sowel as sjef-patron vir die nuwe restaurant, Viande. Die Franse naam wat "vleis" beteken, is nie alleen in pas met die hotel s'n nie, maar ook 'n stelling van die fynproewer-filosofie.

'n Nuwe skemerkelkie-kroeg sal die uithangplek wees, waar jy na werk gaan kuier en hier sal innoverende tapas en 'n wye verskeidenheid drankies bedien word. Brandewyne kry spesiale behandeling, nie net om dié drankie se voortreflikheid uit te lig nie, maar ook om die hotel se tuisdorp as oorsprong van die wêreld se beste brandewyne te herbevestig.

Verskeie opwindende toevoegings word vir latere fases beplan, waaronder 'n nuwe luukse spa, waarvoor onderhandelinge tans onderweg is.

Vir toegang tot die volledige persverklaring asook n seleksie fotos; kliek: <https://bit.ly/2PXLit5>

Met vriendelike groete,

*This e-mail message is confidential and intended solely for the person to whom or the entity to which it is addressed. All the contents and any attachments remain the property of Manley Communications unless so stated. If you are not the intended recipient, you are prohibited from reading, copying, using or disclosing this message to others. If you received this message in error, please notify the sender immediately by replying to this e-mail or by telephoning 0861 MANLEY (626 539) and thereafter delete the message. Manley Communications does not accept liability for any personal views expressed in this message.*